

Ons Kontrei

Ons mense se koerant sedert 1968 www.onskontrei.co.za
20 MAART 2026 - JAARGANG 58-1717 R7.00 Inklusief
Telefoon: 027 213 2074 E-pos: info.onskontrei1@gmail.com

DAMSTAND
18 Maart 2026 - 26.25%
18 Maart 2025 - 43.12%
Reënval vir die week:
Geen

MASKAM CASH Kort op kontant? Ons kan help!
Dorpstraat, Vredendal
027 213 3249

Damvlak kommerwekkend laag



Clanwilliamdamvlak is aansienlik laag. Lees die volledige berig op bl 3.
Foto: Verskaf

Lees binne:

**Ongeluk in
Piekeniers-
kloofpas
bl 3**

**Leerder deur na
SA Atletiekkam-
pioenskappe
bl 5**

**Suksesvolle
hengel-
kompetisie
bl 8**

Weervoorspelling vir die week

Body Fuel EXPRESS
Purified Water
Ozonated / Reverse Osmosis

Dorpstraat, Vredendal
083 611 2867
* Refill station
* Water dispensers

Don. 19/03 16°/27°	Vry. 20/03 10°/27°	Sat. 21/03 15°/32°	Son. 22/03 16°/33°
Ma. 23/03 20°/37°	Di. 24/03 16°/36°	Wo. 25/03 15°/33°	Inligting verkry vanaf AccuWeather 18 Maart 2026

LIONS INTERNATIONAL

DATUM: 21/03/2026
PLEK: ATTIES VANRHYNSDORP
INSKRYWINGS: 07H00
OPENING: 07H30

**'N LEKKER SKIETDAG MET
KOS- EN KOELDRANK
STALLETJIES,
ASOOK BAIE PRYSE OM TE WEN.**

MASKAM WATER

Vanrhynsdorp
Tel: 083 305 5233
Epos: hennie@maskam.co.za

Jou swembad kan die somer helder en mikro-organisme vry wees. Met die Blue Lagoon UV-C tegnologie verminder jy jou chloor gebruik en jou swembad filter waswater (backwash) kan veilig in jou tuin gebruik word.

Ander voordele:

- Chlooramiene word afgebreek sodat geen onaangename chloor reuk jou meer pla nie
- Geen meer droë vel en geïrriteerde oë as julle swem nie
- Die UV-C bestraling elimineer 99.9% mikro-organismes in huishoudelike swembaddens.

Die Blue Lagoon UV-C met osoon gee sterker oksidasie en disinfeksie. Om minimale chloor te gebruik, kan die Blue Lagoon UV-C met Koper ioniseerder ingespan word wat dan vir jou langwerkende disinfeksie gee.

Blue Lagoon
UV-C and Pool equipment

**Kantoorspasie
TE HUUR**

Centralstraat 8, Vredendal
Skakel 082 889 1820

110m²

PROTEA DRUKKERS

Die tyd vir wag is verby

Berig: Annemarie Munnik

CEDERBERG/MATZIKAMA: Die kommer oor dalende damvlakke in die streek neem daaglik toe, en tog heers daar 'n ontstellende stilte vanuit owerhede oor moontlike waterbeperkings. Terwyl inwoners hul daaglikse roetines voortsit, dui die werklikheid daarop dat die streek op die rand van 'n ernstige waterkrisis staan. Gereelde pypbreke dra ook by tot die krisis, omdat reservoires daaglik liter water verloor as daar nie dadelik daarop reageer word nie. Clanwilliamdam, wat die lewensaar van huishoudings, landbou en besighede vorm, het tot kommerwekkende lae vlakke gedaal. Kenners waarsku dat indien hierdie tendens voortduur sonder onmiddellike ingryping, die gevolge rampspoedig kan wees. Op 20 Maart 2024 het Clanwilliamdam op 34.62% gestaan, 17 Maart 2026 op 26.63%, teenoor verlede jaar se 46.17%, dit is 19.54% laer as 'n jaar gelede en 2.41% laer as 11 Maart. Kobus Steenkamp van die Laer Olifantsrivier Watergebruikers Vereniging (LORWGV) sê dat daar egter in gedagte gehou moet word dat verlede jaar se damvlak heelwat hoër was vir die ooreenstemmende tydperk weens die 2024 vloed wat veroorsaak het dat die dam nog in Oktober 2024 oorge-loop het. Steenkamp sê die gemiddelde dampersentasie vir 12 Maart volgens die meer as

30 jaar se rekords van LORWGV is 33,84%. Alhoewel die huidige dampersentasie ondergemiddeld is, is dit nie buitengewoon laag nie. Oor die korttermyn dui dampersentasies vir 12 Maart 2020 (24,34%) en 12 Maart 2023 (24,76%) dit ook so aan. Steenkamp sê verder LORWGV monitor deurgaans die damvlak, asook die onderskeie watergebruikers se verbruik. Hy sê Matzikama Munisipaliteit het reeds navraag gedoen rakende die instel van waterbeperkings vir huishoudelike en nywerheidsgebruik. LORWGV het dié navraag na Departement Water en Sanitasie verwys en behoort eersdaags terugvoering hieroor te kry. "Dit moet egter gemeld word dat waterbeperkings nie iets ongewoon vir die area is nie. Landbouwater word as 'n reël jaarliks beperk as gevolg van die gebrek aan voldoende stoorkapasiteit van Clanwilliamdam en/of laer reënval in die opvangsgebied," aldus Steenkamp. Vir die huidige waterjaar (1 Oktober 2025 - 30 September 2026) is die kwota vir landbou gebruikers 6000m³ in plaas van 12200m³ per hektaar, meer as 'n 50% beperking, volgens LORWGV. Steenkamp sê ook dat daar in gedagte gehou moet word dat die laaste 5% in Clanwilliamdam gereserveer word vir huishoudelike gebruik, wat nog 21,63% beskikbaar laat vir landbou watergebruikers. Die afwesigheid van amptelike waterbeperkings skep 'n vals gevoel van sekuriteit

onder inwoners. Sonder duidelike riglyne of beperkings, gaan baie inwoners voort om water te gebruik asof daar geen krisis is nie. Hierdie gebrek aan bewustheid en optrede kan die situasie vinnig vererger. Daar is 'n dringende behoefte aan leierskap en deursigtige kommunikasie vanuit plaaslike owerhede. Proaktiewe maatreëls, soos streng waterbeperkings, bewusmakingsveldtogte en ondersteuning vir waterbesparingsinisiatiewe, moet ingestel word om die oorblywende hulpbronne te beskerm.

Intussen rus daar ook 'n verantwoordelikheid op elke inwoner. Eenvoudige stappe soos die beperking van tuinbesproeiing, die herstel van lekkasies en die hergebruik van water kan 'n betekenisvolle verskil maak. Gemeenskappe wat saamstaan en verantwoordelik optree, het 'n beter kans om hierdie uitdaging te oorleef. Indien daar nie vinnig en beslissend opgetree word nie, kan die huidige situasie binne weke ontwikkel in 'n volskaalse krisis. Die tyd vir wag is verby die tyd vir optrede is nou.

Massiewe dwelmvonds by weegbrug

Berig: Kaptein Helfrich
Foto: Verskaf

KLAWER: 'n Ses en twintigjarige Malawiër, Adubakar Ditopile wat tans in Parow woonagtig is, is Dinsdag, 10 Maart omstreeks 23:30 by die Klawer weegbrug voorgekeer. Ditopile het 2045 Mandraxtablette ter waarde van ongeveer R204 500 in sy besit gehad. Hy het ook geen permit om in die land te wees nie. Die taxi waarin dié handelaar gery het, is tydens 'n roetine padblokade voorgekeer en deursoek. Hy het Donderdag, 12 Maart in Vanrhynsdorp hof verskyn op aanklagte van Handel van Dwelms en ook omdat hy 'n onwettige immigrant is.

Die dwelms wat in sy besit gevind is.



Ongeluk in
Piekenierskloofpas

Berig: Mariaan Smuts
Foto: Verskaf

CITRUSDAL: 'n Ongeluk het Saterdag, 14 Maart om 20:36 tussen twee vragmotors in die Piekenierskloofpas naby Kardoesie plaasgevind. Aanvanklike verslae dui daarop dat die een vragmotor vermoedelik in die verkeerde baan was en met die aankomende vragmotor gebots het. Een vragmotor was leeg en die ander een het manganen vervoer. Die provinsiale verkeer, Cederberg Munisipale verkeer en wetstoepassing, EMS, Cederberg brandweer en redding, SAPD en RRM nooddiens was op die toneel. Een persoon is ernstig beseer. Geen ander beserings is aangemeld nie. Die N7 was gesluit vir verkeer in

beide rigtings sodat nooddienste hul werk kon verrig. Cederberg Munisipale verkeer en wetstoepassing het die Marcuskraalpad as 'n alternatiewe roete vir ligte voertuie oopgestel. Swaar voertuie is verbied om die pad te gebruik aangesien die padoppervlakte nie geskik is vir swaarder verkeer nie. Cederberg verkeer en wetstoepassing het die pad by die kruising van die N7 en die R303 gesluit. Swaar voertuie op pad na die pas is versoek om by die areas oorkant die Clanwilliamdam af te trek tot verdere kennisgewing. Die N7 is Sondag, 15 Maart omstreeks 03:00 vir verkeer in beide rigtings oopgestel.



Een van die vragmotors wat betrokke was.

Telkom

No contracts.
Just uncapped fibre
at home.

Prepaid Compact>>Fibre

20/10
Mbps
R349
Valid for 30 days

Free starter
pack promo

Includes the
installation
+ 30 days
uncapped
internet data

Call 10213, visit Telkom.co.za or go to any Telkom Shop

Possible begins here

Standard terms and conditions on all promotions and products apply and can be viewed at www.telkom.co.za. E&OE. Deal valid from 1 January - 31 March 2026. Free Starter Pack Promotion valid until 31 March 2026. Customers can seamlessly switch speeds based on their Internet Recharge Voucher purchase. No FUP threshold and no throttling apply. Includes Openserve Uncapped Internet data. Telkom shall be entitled in line with the Act (Electronic Communications Act 36 of 2005) and/or any Regulation to adjust the amounts reflected under Telkom's Tariff List from time to time.

BRIEWE & RUBRIEKE

Dagboek 2026

Stuur gerus 2026 se datums na info.onskontrei1@gmail.com

GRAAFWATER:
Live Music - Anton Edwards
Graafwater Hotel
Vrydag, 20 Maart
16:00 tot laat

VANRHYNSDORP:
Saterdag, 21 Maart
Lions Skietdag
Atties, Vanrhynsdorp
Inskrywings 07:00 begin 07:30
Stalletjies en ook pryse om te wen.

VREDENDAL:
Baptiste Kerk
Wat gaan aan in die kerk vandag?
Gaspreker Dr Ferdie Mulder
Saterdag, 21 Maart
Nashua gebou, 15:00

CLANWILLIAM:
APK Basaar
Jan Mostertpark
Saterdag, 21 Maart

LEIPOLDTVILLE:
Om die werêld saam met
Leipoldville
NG Kerkgronde om 18:00
Saterdag, 21 Maart
Navrae 083 225 6536

Ons Kontrei proudly displays the "FAIR" stamp of the Press Council of South Africa, indicating our commitment to adhere to the Code of Ethics for Print and online media which prescribes that our reportage is truthful, accurate and fair. Should you wish to lodge a complaint about our news coverage, please lodge a complaint on the Press Council's website, www.presscouncil.org.za or email the complaint to enquiries@ombudsman.org.za. Contact the Press Council on 011 484 3612.



Ons Kontrei
Ons mense se koerant

UITGEWERS:
Riaan Oberholzer
Marinda Oberholzer

REDAKSIE:
Annemarie Munnik 082 657 3182
edit.onskontrei1@gmail.com
Mariaan Smuts 082 926 9934
(Cederberg) maaitjie@isales.co.za

GRAFIESE ONTWERPER:
Marieta Swanepoel
info.onskontrei1@gmail.com

BEMARKING:
Annemarie Munnik 082 657 3182
ads2.onskontrei@gmail.com
Matzikama-area
Mariaan Smuts 082 926 9934
maaitjie@isales.co.za
Cederberg-area

VREDENDAL KANTOOR:
027 213 2074
acc.onskontrei@gmail.com

Gedruk deur: Inc. Print Solutions

Wag in vertroue op die Here wat volkome verlos

Skrifgedeelte: Jesaja 33:1-13

Fokusgedeelte: Jesaja 33:2 "Here, wees ons genadig, op U wag ons; wees hulle arm elke môre, ja, ons verlossing in die tyd van benoudheid!" (Afrikaanse Vertaling 1953)

"Nood leer bid." So lui die spreekwoord. Ons bid om verlossing uit 'n noodsituasie. Sanherib, koning van Assirië, het eers al die stede van Juda verower en toe ook, ondanks hulle belofte, Jerusalem beleër. Hulle het die Here uitgedaag. In hulle nood het Jesaja namens die mense van Jerusalem gebid.

Die nood was groot; die gebed konkreet. Die Here moes in genade neer buig na sy bedreigde volk. Jesaja het gebid dat die Here elke oggend hulle krag sou wees vir die hantering van die bedreiging. Hulle

groot gebedsversoek was dat Hy die bedreiging heeltemal moes verwyder. Ons bid ook vir uitkoms uit ons noodsituasies. Die Here het op Jesaja se gebed geantwoord. Hy het verlossing van die bedreiging van die Assiriërs beloof (Jes. 33:19; vgl. 2 Kon. 18:13-19:37). Vir die verlossing wat God bewerk, moes die mense van Jerusalem destyds, en moet ons steeds, wag tot op sy tyd.

Dit was vir die mense van Jerusalem en is ook vir ons noodsaaklik om te vra dat die Here ons in genade van ons sonde sal verlos. Jesaja het geprofeteer dat die Messias sy ryk sou kom vestig (Jes. 9:5-6). Daardie profesie is vervul met die koms van Christus in die volheid van die tyd. Daarvoor moes die mense van Jerusalem 'n paar eeue wag.

Met sy kosbare bloed het Christus die losprys vir ons sonde betaal (1 Pet. 1:19). Ons weet dat die heerlikheid waarop die verlossing uitloop, volle werklikheid sal word wanneer Christus op die tyd wat die Vader bepaal, in heerlikheid weer kom. Ons wag nou daarop.

Die profeet sê in sy gebed: "Op U wag ons" (20). Ons wag in vaste vertroue dat die Here op die regte tyd - die tyd wat Hy bepaal sy belofte van volkome verlossing sal nakom.

Psalm 145:8, 9 "Gef. Genadig en barmhartig is die Here, lankmoedig en groot van goedertierenheid. "Tet. Die Here is vir almal goed, en sy barmhartigheid is oor al sy werke." (Afrikaanse Vertaling 1953)

Dominee Johan Jordaan

Briewe & Meningsblad

Persone wie se opinie op die Briewe & Meningsblad geplaas word, gee hul subjektiewe siening van 'n situasie. Ons Kontrei se bestuur en personeel stem NIE noodwendig saam met 'n skrywer se mening NIE. Geen rassisme, naamskending of enige vorm van belediging sal geduld word nie.

Stuur gerus u menings na: redakteur.onskontrei1@gmail.com en verskaf asb u naam en kontaknommer onder aan, naamlose briewe sal nie oorweeg word nie. Weens gebrek aan spasie sal GEEN briewe met meer as 250 woorde aanvaar word nie of geredigeer word.

Nasionale Biblioteekweek

Hierdie week, 16 tot 22 Maart is die Suid-Afrikaanse Biblioteekweek. Een van my gunsteling kinderherinneringe is ons weeklikse besoeke aan die plaaslike biblioteek. Kinders het groen kaartjies gehad en volwassenes ligte blou kaartjies.

Ons kon elkeen drie boeke kies wat my ma vir ons sou lees, en later het ons dit self begin lees. Dit was die saadjie wat my liefde vir lees geplant het. Om in die laat 90's en vroeë 2000's groot te word sonder selfone, was die biblioteek vir my soos 'n ander wêreld, 'n plek vol eindelose moontlikhede wat wag om ontdek te word tussen die bladsye van 'n boek. Van my gunste-


linge was *Liewe Heksie*, *Pippie Langkous* en natuurlik 'n paar lekker spookstories.

Selfs vandag loer ek nog nou en dan by 'n plaaslike biblioteek in, of soek sommer 'n boek op my Libby-app.

Dit laat my wonder, hoe baie kinders vandag nog 'n biblioteekkaartjie het, en hoe hulle hulself van die magiese wêreld wat boeke bring ontnem, wat deur jou eie verbeelding geskep word.

Aan ouers wil ek graag sê: neem die tyd om jou kinders na die plaaslike biblioteek te neem. Dit is gratis, die waarde daarvan is onmeetbaar. Jy gee vir hulle nie net boeke nie, jy gee vir hulle 'n wêreld vol drome, kennis en verbeelding.

Annemarie



Die 93ste konferensie

Berig: Mariaan Smuts
Foto: Verskaf

GRAAFWATER: Graafwater VLV het Woensdag, 4 Maart saam met talle VLV vriendinne die 93ste konferensie van die Sirkel Weskus te Redelinghuys bygevoon.

Die sketse teen die muur, fynbos op die tafels, moeite met almal se geskenke, smaakvolle kos, goeie organisering en die groen kleur wat van die tafeldekor tot in die Redelinghuys lede se uitrustings uitgebeeld is, was 'n bewys van hoe die tak met min lede dié jaar se VLV tema van "ons krag lê in spanwerk" toegepas het.

Die Graafwater tak is self ook baie trots op hul lede se spanwerk met goeie deelname aan die konferensie. Trots dat hulle 'n derde plek behaal het in die leefstyl afdeling. Lede glimlag groot oor Magda Kotzé se skilderkuns wat 'n gesamentlike derde plek behaal het en hulle juig oor Annalize O'Neil wat die "Baby Basson-trofee" vir haar Madeira koek met 85% ontvang het. Debora van Wyk se 80% vir haar mikrogolf malvapoeding besorg aan haar 'n vierde plek vir mikrogolf produkte. Marietjie Visser, Marina Visser en Magda Kotzé se foto's van "roes" lewer persentasies van onderskeidelik 84%, 81% en

81% op.

Ander waardevolle inskrywings van die tak se flukse dames was 'n kortmou somersrok, langmou oortrektrui, 'n gehekelde kussingsloop, nog skilderkuns, koffie/tee, 'n digitale advertensie, Joep-Joeps, soetsuur Mediterseense komkommers en pattee.

Na praatjies deur interessante sprekers en lekker saamkuier vat hulle die pad terug huis toe met nuwe motivering vir deelname aan volgende jaar se konferensie.



Annalize O'Neil en Magda Kotzé.

Tafeltennisklub ontvang skenking

Berig en foto: Verskaf

VREDENDAL: Vredendal Tafeltennisklub het onlangs 'n ruim skenking ontvang. Die Wes-Kaapse Regering het op Vrydag, 13 Maart aan die klub sweetpakke ter ondersteuning van klubontwikkeling, besorg.

Die klub wil graag die regering bedank vir die skenking, hulle help nie net die ontwikkeling in die provinsie nie, maar ook in Vredendal.



Stuart April van die Wes-Kaapse Regering en Alton Avontuur van Vredendal Tafeltennisklub.

INDEKS

Geklassifiseerd * Betrekkings * Bedankings * Kennisgewings

29 AKKOMMODASIE

DURBANVILLE: Veilige akkommodasie. Self-sorgwoningstel ten volle toegerus. 1Km vanaf Durbanville Medi Clinic. Netjies, swembad & braaiplaat, DSTV, Wi-Fi. Billikste pryse gewaarborg. Skakel Merv van Niekerk by 083 648 5858 of WhatsApp 065 528 6305.



TE KOOP: Matie vir Toyota Etios, 4 matie @ R400. 073 131 8191 (Vanrhynsdorp).
TE KOOP: 90 Konsalik boeke @ R1000. 073 131 8191 (Vanrhynsdorp).

STRONG HERBALIST
Clanwilliam
Dr Benson
I solve all types of problems
063 526 1494

NAMAQUA PESKONTROLE
Professionele plaagbeheer waarop jy kan vertrou!
Spuut & beheer van:
Kakkerlakke muggies, miere, vlooië en ander insekte
Betroubaar & doeltreffend.
Skakel
Johnny Laubscher
084 611 3147

LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of Regulation 68 (1) of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of

DEED OF TRANSFER NUMBER T16172/1994

passed by THE MUNICIPALITY FOR THE AREA OF VANRHYNSDORP

in favour of **APOSTOLIESE GELOOFSENDING VAN SUID-AFRIKA** (incorporated in terms of a private act on the Apostoliese Geloof Sending van Suid-Afrika Number 24 of 1961)

In respect of certain **ERF 719, IN THE MUNICIPALITY MATZIKAMA, DIVISION VANRHYNSDORP, WESTERN CAPE PROVINCE.**

which has been lost or destroyed

All interested persons having objection of the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing and/or telephonically with the Registrar of Deeds Western Cape at CAPE TOWN, Floor 4, Information desk, 2 Riebeeck Street, Cape Town within two weeks from the date of publication of this notice.

Dated at **VREDENDAL** on **5 March 2026**

SWANEPOEL AND SWANEPOEL INC
3 Dorpsstraat, Vredendal, 8160
aktes@swanepoelprok.co.za
027 213 1011

VLV hou 88ste konferensie

Berig: Alta Wiese
Foto's: Verskaf

STRANDFONTEIN: Sirkel Namakwaland het hul 88ste konferensie aangebied op 10 en 11 Maart te Strandfontein. Hierdie jaar was Lutzville die gasvrou. Die suksesvolle konferensie sal vir meer as een rede onthou word...die vreeslike hitte toestande, uitstekende sprekers, kompetisie deelnemers wat met mekaar kon kragte meet en vriendinne wat mekaar weer kon sien.

Lede van takke Calvinia, Hantam, Nieuwoudtville, Loeriesfontein, Vanrhynsdorp en Vredendal is hartlik verwelkom by hierdie geleentheid en bederf met heerlike muffins, koffie, tee en verkoelde sappe. Lede is ook vereër met die teenwoordigheid van vorige sirkelpresidente Karien van Schalkwyk en Heidi van Niekerk.

Stiptelik om 14:00 het die konferensie in aanvang geneem. Irene Saayman, sameroeper van Leefstyl, stel Riana Wilhelm aan die woord. Elke persoon teenwoordig het 'n pakkie met wol en hekelpen ontvang. Wilhelm verduidelik hoe om 'n "Worry Worm" te hekel. Die takke gaan soveel as moontlik hiervan hekel en aan die einde van die jaar word daar beoog

om aan elke graad 5 en 12 leerder een te oorhandig. Dit kan dien as 'n stres afleier. Die VLVK projek vir 2026 "Van Tuin tot Tafel" kan deurgetrek word in elke portefeulje. Saayman gee praktiese wenke hoe dit aangewend kan word. "Van Tuin tot Tafel" beklemtoon die praktyk om jou eie produkte te kweek en daarmee te kook. Dit skep ook die geleentheid om jou eie besigheid te begin en selfonderhoudend te wees. Deur jou eie kos te kweek maak jy 'n positiewe impak op die omgewing, verminder voedsel vermorsing, omhels volhoubare praktyke, verminder onnodige verpakking en herontdek die unieke smaak en voeding van vars bestanddele.

Die gasspreker by die 2026 konferensie is die formidabele Marlida Lombard, skoolhoof van Hoërskool Lutzville. "Vroue is die kern van die samelewing. Om saam te werk is nie 'n keuse, dit is ons enigste kans op oorlewing. Ons as vroue moenie skuldig voel omdat ons nie alles self kan doen nie. Leer om met mekaar saam te werk, nie jaloers te wees en vul mekaar aan. Ek kan doen wat jy nie kan doen, maar jy kan doen wat ek nie kan doen. Raak betrokke in jou omgewing,

kerk en skool. Moenie vir ander wag. Raak betrokke by spanwerk - dit is waarin ons krag lê."

Openbare Sake het Jan Hendrik Kleynhans genader om lede meer in te lig oor arbeidswetgewing. Die belangrikheid van 'n kontrak tussen werkgewer en werknemer ten opsigte van huiswerkers sowel as algemene werkers word opnuut beklemtoon. Daar is so baie slaggate waarin jy kan trap en jou onbeskermd laat as jy sonder 'n dienskontrak is. Wees aan die veilige kant en doen moeite om iemand te kry wat jou behulpsaam kan wees.

Riaan Engelbrecht van Namaqua Coffee, kom deel die ontstaan van hierdie besigheid met lede. 'n Besigheid wat absoluut in geloof begin is nadat hulle 'n keuse gemaak het van familie eerste. 'n Ongehooflike storie van 'n besigheid wat steeds groei en groei. Dit is baie harde werk, maar hul kan dit as gesin saam doen.

Dinsdagaand het almal 'n kuieraand by Fryers Cove geniet. Die kos en diens was uitstekend, net soos die goeie gehalte kos wat regdeur die twee dae bedien is.

'n Heerlike konferensie word afgesluit met die prysuitdeling. Tak met die 3de meeste punte is Loeriesfontein, gevolg deur Lutzville in die 2de plek en Vredendal in die 1ste plek waar hul die Sewester skild verower.



Die dames van Vredendal VLV met die Sewester skild.

When women support each other, incredible things happen.

Unknown

Lees
Ons Kontrei
aanlyn by
www.onskontrei.co.za



MUNICIPALITY MATZIKAMA MUNISIPALITEIT

NOTICE

NOTICE INTERMS OF SECTION 116 (3) OF THE LOCAL GOVERNMENT: MUNICIPAL FINANCE MANAGEMENT ACT, 2003 (ACT 56 OF 2003) FOR THE PROPOSED AMENDMENTS TO T7:2022/2023 - APPOINTMENT OF A SERVICE PROVIDER FOR THE LICENCE MAINTENANCE, UPGRADE AND SUPPORT OF AN INTEGRATED MUNICIPAL FINANCIAL MANAGEMENT SYSTEM (ERP)

Notice is hereby given in terms of Section 116 (3)(a) and (b) of the Local Government Municipal Finance Management Act, 2003 (Act 56 of 2003) that it is the intention of Matzikama Municipality to amend the existing contract.

Description: EXTENT SCOPE AND PERIOD OF THE CONTRACT:
Contractor: PHOENIXERP (PTY) LTD

Reasons for the proposed amendment: Following MSCOA changes that are constantly taking place, Municipalities are forced to adapt their processes accordingly to comply with the necessary changes. Therefore Ad-Hoc Services, as well as Out of Contract hours will be used on an as-and-when needed basis, and sufficient available budget. The PHOENIXERP (PTY) LTD system is currently used for the License Maintenance, Upgrade and Support of an Integrated Municipal Financial Management System (ERP).

PHOENIXERP (PTY) Ltd was appointed on 30 January 2023 through a Formal Bidding process for a period of three (3) years, ending on 30 January 2026, which may affect administrative as well as financial processes, as Municipalities' book year extends from 1st July to 30 June annually. The contract with Phoenix is expiring on the 30th of June 2026. The Municipal Standard Chart of Accounts (mSCOA) Regulations, 2014, states that the Minister may, by notice in the Gazette, determine the minimum business process and system requirements for municipalities and municipal entities to enable implementation of the regulations.

In terms of MFMA Circular 80 there are new draft regulations that will be gazetted soon. Our contract for a financial system is ending 30 June 2026 and did the municipality seek advice from National Treasury. Therefore, would be prudent for Matzikama Municipality to extend the existing contract on a Section 116 extension until such time that the current Regulations are finalised and adopted. Fees applicable to the extension period for three (3) years, and the out of Contract hours that shall be billed, one month in arrears at R850.00 / hour, excluding VAT or R997.50/hour, including VAT.

Service Item	Description	2026/2027	2027/2028	2028/2029
Software and Service Fees	Annual Maintenance and Annual Service Fee	1 984 750.00	CPI + 1%	CPI + 1%
Onsite support fees (consulting)	40 Hours per month	796 950.00	CPI + 1%	CPI + 1%
Total investment including VAT		R2 781 700	CPI + 1%	CPI + 1%

Notice is hereby further given in terms of Section 21 and 21A of the Local Government Municipal Systems Act, 2000 (Act 32 of 2000) that the local community and affected parties are invited to submit comments or representations on the proposed amendment of the contract. Persons who are physically disabled or who cannot read or write, but wish to participate in the process, may come during office hours to the Municipal Office in Kerk Street, Vredendal at the Finance Department where a staff member will assist the person to transcribe that person's comments or representations.

Comments and / or representations must be submitted to the following email address heleenm@matzikama.gov.za with the subject: **T7:2022/2023: APPOINTMENT OF A SERVICE PROVIDER FOR THE LICENCE MAINTENANCE, UPGRADE AND SUPPORT OF AN INTEGRATED MUNICIPAL FINANCIAL MANAGEMENT SYSTEM (ERP)**

The closing date and time for the submission of representations and /or comments is no later than 20 April 2026 at 12:00. Any comments and/ or representations received after submission date and time will not be considered.

Any enquiries regarding this intend can be directed to the SCM Manager, Mrs Heleen Meyer, Telephone Number: 027 201 3325, E-mail Address: heleenm@matzikama.gov.za.

MR LJ PHILLIPS
MUNICIPAL MANAGER
NOTICE: K34:2025-2026

MUNICIPAL OFFICES,
37 CHURCH STREET
VREDENDAL, 8160
TEL: 027 201 3300

1. GELUKWENSING

2. STERFGEVALLE

3. IN MEMORIAM

4. BEDANKINGS

5. LENINGS

6. DIENSTE

7. DAGSORG

8. EETGOED

9. BETREKING

10. VERLORE /

VERMIS

11. ALGEMEEN

12. BOTE / DIUK-

TOERUSTING

13. LEWENDEHAWE

14. TROETELDIERE

15. GESOEK /

BENODIG

16. MEUBELS

17. MUSIEK-

INSTRUMENTE

18. RADIO / TV /

VIDEO

19. TUINBOUDIENSTE

20. JUWELIERSWARE

21. BESIGHEIDS-

GELEENTHEID

22. SPORTTOERUS-

TING

23. VAKANSIE

AKKOMMODASIE

24. REKENAARS

25. KANTOOR-

TOERUSTING

26. BOUMATERIAAL

27. BOUWERK / VERF

28. VERVOER

29. AKKOMMODASIE

30. TE HUUR

31. SEKURITEIT /

WAPENS

32. FIETSE

33. MASJINERIE/

IMPLEMENTE

34. ONDERDELE /

ENJINS

35. MOTORHERSTEL-

WERK

36. SLEEPWAENS

37. MOTORFIETSE

38. WOONWAENS

39. VOERTUIE

40. EIENDOM

41. BETREKKINGS

42. BLINDINGS

43. ELEKTRIESE -

WARE

44. GRASSNYERS

45. TE KOOP

46. TE RUIL



Geen berig, foto, artikel of advertensie wat in die **ONS KONTREI** verskyn het mag sonder verlof van die Redakteur gereproduseer word nie, ingevolge Artikel 12 (7) van die Wet op Outeursreg van 1978.

ONS KONTREI se redaksie deal nie noodwendig die menings van lesers, adverteerders of korrespondente nie. Uitgegee deur Protea Drukkery, Sentraalstraat 8, Vredendal 8160.

Uitgewer:

Riaan Oberholzer,
Posbus 140
Vredendal, 8160
Tel (027) 213 2074
Faks (027) 213 2075

Wentuine gevier

Berig en foto: Verskaf

CEDERBERG/MATZIKAMA: Die Jala Peo Skoolgroentetuinprojek ondersteun reeds van 2018 af 25 skole in Matzikama en Cederberg om volhoubare groentetuine te onderhou. Hierdie groentetuine vul nie net hierdie skole se voedingsprogram aan nie, maar bied ook 'n geleentheid vir opvoeding en vaardigheidsontwikkeling in groentetuine. As deel van die projek word leerders ook aangemoedig om by die huis groentetuine aan te lê. Om leerders aan te moedig, het die projek 'n huistuincompetisie vir leerders aangebied en teen die einde van 2025

het skole hulle winners aangewys. Op Donderdag, 26 Februarie is hierdie leerders met sertifikate en pryse vereer tydens 'n feestelike geleentheid by Steilhoogte Primêr.

Die algehele winners is ook bekendgemaak. Syngenta, Departement Landbou en die projek self het leerders behoorlik beloon vir hulle harde werk met die pryse wat deur hulle geborg is. Die befondsers en borge van die projek is ook bedank vir hulle bydrae om te verseker dat die impak wat groentetuine in skole en skoolgemeenskappe het, voortgaan. Die projekspan het hulle dank uitgespreek aan Syngenta, Departement Landbou, Wes-Kaapse Onderwys Departement, Parma Kwekery en Fair Roots Foundation.



Skoolwinners ontvang pryse van Syngenta: Voor is Tashnay van Rooi (Koekenaap Primêr), Jolene Philander (Kleinrivier Primêr), Luchelle Booysen (Uitkyk Primêr), Jofan-Re Raman (Maskam Primêr), Raydin Beukes (algehele winner, Spruitdrift Primêr), Anwa Swarts (Vergenoeg Primêr), Layle Williams (Doornbaai Primêr), Nolan Hendriks (algehele derde plek, St. Boniface Primêr), Nickay Mannel (Ebenhaeser Primêr) en Mia Cloete (Rietpoort Primêr) Afwesig: Jadin-Lee Andrew (algehele tweede plek, Graafwater Spesiale Skool), Maxwell Lot (Steilhoogte Primêr) en Eleanor Jacobs (Vredendal Senior Sekondêr). Agter is Francois Hugo (Syngenta).



Dokter John Hayes, Hazel Booysen (sameroeper: Gesondheid), Annette Gilham (voorsitter Leipoldville tak), Anrike Genis (fisioterapeut van Graafwater) en Elsabe Carstens (president: Sirkel Weskus).

VLV hou gesondheidspraatjie

Berig: Mariaan Smuts
Foto: Verskaf

LEIPOLDTVILLE: Leipoldville VLV het op Woensdag, 11 Maart hul Gesondheidsvergadering by Alle Dingen in Lambertsbaai gehou. Anrike Genis, fisioterapeut van Graafwater wat 'n praktyk in Clanwilliam het en dokter John Hayes van Lambertsbaai het as gas-

sprekers opgetree.

Hulle het gepraat oor oefenings vir die ouerwordende liggaam, die voor- en nadele van Ozempic, vullers, plasma, Ivermektin en nog vele meer. Die praatjie was interessant, maar veral baie leersaam.

Amptenare kry lafenis in hitte

Berig: Mariaan Smuts
Foto: Verskaf

CLANWILLIAM: Die streek gaan die afgelope paar weke gebuk onder geweldige, aanhoudende hoë temperature. As gevolg hiervan het wyksraadslid Maxwell Heins 'n skenking van bottels water aan die amptenare van Cederberg Munisipaliteit in Clanwilliam gemaak. Hulle werk elke dag in die bloedige warm son en het nie altyd water of ge-

noeg vir die hele dag nie.

"Ons moet altyd die werk van die man wat die straat skoon hou respekteer en seker maak dat hulle weet sonder hulle harde werk kan ons nie 'n skoon dorp hê nie," sê raadslid Heins. Hierdie aankope is uit eie finansies en anonieme donateurs moontlik gemaak. Heins bedank die donateurs vir hulle bydrae.



Amptenare ontvang die welkome koue water.

Leerder deur na SA's

Berig en foto: Verskaf

LUTZVILLE: Rudolf Arangie (foto regs), 'n leerder van Hoërskool Lutzville het die naweek van 13 Maart aan die Wes-Kaap Atletiekkampioenskappe op Coetzenburg deelgeneem. Hy verower 'n 2de plek vir driesprong seuns O/19 met 'n afstand van 14,17 meter. Arangie gaan die eerste na-week van die Maartvakansie aan die Suid-Afrikaanse Skolekampioenskappe op George deelneem.



MUNICIPALITY MATZIKAMA MUNISIPALITEIT NOTICE/KENNISGEWING

KENNISGEWING: AANSOEK OM HERSONERING, ONDERVERDELING & PERMANENTE AFWYKING

Kennis geskied hiermee ingevolge Artikel 45(1)(h) saamgelees met Artikel 52 van die "Matzikama Municipality: Land Use Planning By-Law, 2015" (die Verordening), dat die Munisipaliteit die volgende aansoek in terme van Artikels 15(2)(a), (b) & (d) van die Verordening, vir oorweging ontvang het:

Eienaar: : Weskus Distrikmunisipaliteit
Eiendom & Groottes: : Gedeelte I van die Plaas Kliprand No. 471 – 9064m²
Erf 67, Kliprand – 619m²
Huidige sonering: : Gedeelte I van die Plaas Kliprand No. 471 – Landbousone I
Erf 67, Kliprand – Residensiële sone I

Aansoeker: Urban Dynamics Southern Cape
Ligging: Kliprand

Voorstel:

Aansoek vir die volgende:

- Die hersonering van Gedeelte I van die Plaas Kliprand No. 421 vanaf Landbousone I na Onderverdelingsgebied.
- The hersonering van Onderverdelingsgebied ten einde die volgende te skep:
 - 37 x Residensiële sone I erwe (150m² elk),
 - 1 x Publieke Oopruimte erf (±0.07ha), en
 - 1 x Vervoersone II erf (±0.21ha).
- Die onderverdeling van Erf 67, Kliprand ten einde die volgende te skep:
 - 3 x Residensiële sone I erwe, om as Erwe 38, 39 & 40, Kliprand, geregistreer te word.
- Die permanente afwyking van die volgende:
 - Die straat- en kant boulyne vanaf 4m & 2m na minimum 1m.
 - Die dekking vanaf 50% na minimum 100%.
 - Die parking vanaf 1 per erf na minimum 0 per erf.
- Die goedkeuring van straatname en nommers in terme van Artikel 98 van die Verordening.

Besonderhede van hierdie aansoek is gedurende ondergenoemde kantoor ure by me Kriek en me Rossouw ter insae.

Skriftelik gemotiveerde kommentaar en/of besware soos bepaal in Artikel 50 van die Verordening ten opsigte van die voorstel, moet die ondergenoemde bereik voor of op **Maandag, 20 April 2026**. Neem kennis dat deur 'n beswaar, kommentaar of vertoë aan te teken, erken die persoon wat dit doen dat hul inligting beskikbaar gestel kan word aan die publiek en aan die aansoeker.

Enige persoon wat kommentaar en/of beswaar wil lewer / beswaar wil maak en wat nie kan skryf nie kan Maandag tot Donderdag tussen 10:00 en 15:00 na die ondergenoemde kantore van die Munisipaliteit kom waar me Kriek of me Rossouw sodanige persoon sal help om sy/haar kommentaar en/of beswaar af te skryf.

NOTICE: APPLICATION FOR REZONING, SUBDIVISION & PERMANENT DEPARTURE

Notice is hereby given in terms of Section 45(1)(h) read together with Section 52 of the "Matzikama Municipality: Land Use Planning By-Law, 2015" (the Bylaw) that the Council received the following application in terms of Sections 15(2)(a), (b) & (d) of the Bylaw, for consideration:

Owner: : West Coast District Municipality
Properties & Extents: : Portion I of the Farm Kliprand No. 471 – 9064m²
Erf 67, Kliprand – 619m²
Current zonings: : Portion I of the Farm Kliprand No. 471 – Agricultural zone I
Erf 67, Kliprand – Residential zone I

Applicant: Urban Dynamics Southern Cape
Locality: Kliprand

Proposal:

An application for the following:

- The rezoning of Portion I of the Farm Kliprand No. 471 (9064m²) from Agricultural zone I to Subdivisional Area.
- The rezoning of the Subdivisional Area in order to create:
 - 37 x single Residential zone I erven (150m² each),
 - 1 x Public Open Space I erf (±0.07ha), and
 - 1 x Transport zone II erven (±0.21ha).
- The subdivision of Erf 67, Kliprand in order to create:
 - 3 x single Residential zone I erven, to be registered as Erven 38, 39 & 40, Kliprand
- A permanent departure from the following:
 - Street & side building lines from 4m & 2m to the minimum of 1m,
 - Coverage from 50% to the minimum of 100%, and
 - Parking from 1 per erf to the minimum of 0 per erf.
- The approval of street names and numbers in terms of Section 98 of the By-law.

Details of this application can be obtained from ms Kriek and ms Rossouw during office hours.

Motivated objections and/or comments as stipulated in Section 50 of the Bylaw with regards to the application must reach the under-mentioned in writing on/ before **Monday, 20 April 2026**. Take note that by lodging an objection, comment or representation, the person doing so acknowledges that their information may be made available to the public and to the applicant.

Any person who wishes to comment and/or object / wants to object and who cannot write is invited to visit under-mentioned office of the Municipality on Mondays to Thursdays between 10:00 and 15:00 where ms Kriek or ms Rossouw will assist such person to transcribe his/her objections and/or comments.

LJ PHILLIPS
MUNISIPALE BESTUURDER / MUNICIPAL MANAGER

Kennisgewing no. / Notice nr.: **K35 2025/2026**
Esi saziso siyafumaneka ngesiXhosa xa kuceliwe

MUNICIPAL OFFICES,
37 CHURCH STREET
PO BOX 98
VREDENDAL, 8160
TEL:027 201 3300

Namaqua skrik nie vir Weskus Mamba

Berig: Elna Esterhuyse
Foto's: Verskaf

VREDENDAL: As jy die Langebaan Country Estate Weskus Marathon of Halfmarathon wil aanpak, moet jy bereid wees om die Mamba in die oë te kyk, en 3 km voor die eindpunt van 'n baie warm wedloop raak daai bult 'n Swart Mamba. Maar Namaqua Atletiekklub se arsenaal van 24 atlete het hom getem en (redelik) ongeskonde almal met 'n medalje om die nek tuisgekom.

Die vars oggendkoelte met die wegspring het betreklik gou die wyk geneem. Teen die tyd wat die eerste atlete ingekom het, was dit reeds baie warm, hoewel gelukkig nie so erg soos wat die hele Weskus die voorafgaande twee weke beleef het nie. Buiten vir skadu oor jou kop en yskoue verversings was die pittigheid en fyn waarneming van die kommentaar by die eindpunt seker die koelste ervaring van die dag.

In die marathon (42,2km) het Colin Makatees uitstekend gevaar met 'n algehele 27ste plek uit 1197 atlete wat die afstand voltooi het. Uit die 966 atlete wat die

10km voltooi het, was Cameron Beukes algeheel en in sy kategorie in die vierde plek, en Tana van der Westhuizen was vierde in haar kategorie.

Die uitslae was as volg: 42,2km: Lesley Andrews (04:55:03), Elizabeth Coertzen (04:34:09), Melanie Cruywagen (04:11:33), Colin Makatees (02:54:48), Conrad Muller (03:50:10), Earlin Ockhuis (05:42:03). 21,1km: Adel Brand (02:37:33), Karin Burger (02:48:36), Stephanus Burger (02:23:54), Danie Calitz (02:23:20), Sharon Calitz (02:24:42), Bianca Cancelliere (03:01:17), Denise Farmer (03:19:33), Alwyn Maass (02:03:14), Helen Rich (02:30:21), Janico Stipp (02:16:13), Lorenzo Lagorie (03:34:53). 10km: Cameron Beukes (derde in sy kategorie, 00:33:51), Elna Esterhuyse (01:28:27), Ylicia Flink (01:06:00), Lomé Lambrechts (00:59:49), Adele Maass (01:28:28), Tana van der Westhuizen (vierde in haar kategorie, 00:55:51).

Namaqua se junior atlete het ook die afgelepe week presteer op die atletiekbaan ty-

dens die Wes-Kaap Skole Kampioenskappe. Hanna Stemmet: 1ste, diskus dogters O/17, 10de, hamergooi dogters O/17. Dané Lans: 2de, Hamergooi dogters O/14 (persoonlike beste), 2de gewig-

stoot dogters O/14, 3de diskus dogters O/14. JG Matthee: 11de, hamergooi seuns O/17.

Baie geluk aan al die atlete wat Namaqua se naam so sterk en hoog hou!



Adel Brand, Helen Rich, Janico Stipp, Sharon Calitz en Danie Calitz.



Conrad Muller, Melanie Cruywagen en Colin Makatees.



Lesley Andrews en Elizabeth Coertzen.



Alwyn Maass, Denise Farmer, Bianca Cancelliere, Karin en Stephanus Burger.



Ylicia Flink, Cameron Beukes, Elna Esterhuyse, Lomé Lambrechts, Adele Maass en Tana van der Westhuizen.



CEDERBERG
MUNICIPALITEIT • UMASIPALA • MUNICIPALITY

MUNICIPAL NOTICE: CENTRAL SUPPLIER DATABASE REGISTRATION (CSD)

NOTICE NO: 58/2025

Cederberg Municipality only source quotations from suppliers listed on the Central Supplier Database (CSD).

Registration is compulsory in order to conduct business with Cederberg Municipality. The database will be used to verify the accreditation of a supplier before an award can be made.

Those vendors who are not yet registered on the Central Supplier Database (CSD) are urged to register as a supplier as soon as possible.

To start your online registration process, vendors need the following information:

- Company Registration Document (CK Document);
- BBBEE Certificate / Affidavit;
- Tax Clearance Certificate / Tax Status Pin;
- Physical and email address;
- Business Bank Account Details;
- ID and cell phone number
- Proof of Address



Assistance with the online registration process or any CSD related queries may be directed to:

Cederberg Municipality
Supply Chain Management Unit:
Tel: 027 482 8000

Nolan Damon at noland@cederberg.gov.za or scm@cederbergraad.co.za

Yours sincerely,

G MATTHYSE
MUNICIPAL MANAGER

Cederberg Municipality
Private Bag X2
CLANWILLIAM 8135



MUNICIPALITY MATZIKAMA MUNISIPALITEIT NOTICE/KENNISGEWING

KENNISGEWING: AANSOEK OM SLUITING VAN OPENBARE OOPRUIMTES, HERSONERING, ONDERVERDELING, KONSOLIDASIE & PERMANENTE AFWYKING

Kennis geskied hiermee ingevolge Artikel 45(1)(h) saamgelees met Artikel 52 van die "Matzikama Municipality: Land Use Planning By-Law, 2015" (die Verordening), dat die Munisipaliteit die volgende aansoek in terme van Artikels 15(2)(a), (b), (d), (e) & (n) van die Verordening, vir oorweging ontvang het:

Eienaar(s): Weskus Distrikmunisipaliteit
Elendom & Groottes: Erf 182, Nieuwe Rust – 0.93ha & Erf 184, Nieuwe Rust – 4.5ha
Huidige sonering: Erf 182, Nieuwe Rust – Residensiële sone I
Erf 184, Nieuwe Rust – Residensiële sone I, Oopruimtesone I & Onbepaald

Aansoeker: Urban Dynamics Southern Cape
Ligging: Nieuwe Rust

Voorstel:

Aansoek vir die volgende:

- Sluiting van 'n gedeelte van Arcarciastraat (Re/I, Nieuwe Rust);
- Onderverdeling van die geslote padgedeelte om Gedeelte B (±0.08ha) te skep;
- Onderverdeling van Erf 184, Nieuwe Rust in twee gedeeltes naamlik: Restant (±2ha) & Gedeelte A (±2.52ha);
- Konsolidasie van Erf 182, Nieuwe Rust (0.93ha), Gedeelte A van Erf 184, Nieuwe Rust (±2.52ha) en geslote pad Gedeelte B (±0.08ha) om 'n gekonsolideerde Erf van ±3.53ha te skep;
- Die hersonering van die gekonsolideerde Erwe na Onderverdelingsgebied
 - o Onderverdeling van die Onderverdelingsgebied ten einde die volgende te skep: • 91 x Residensiële sone erwe (150m² elk – totaal 1.52ha), • 2 x Publieke Oopruimte erwe (1.22ha), • 2 x Institusionele sone III erwe (0.08ha - gemeenskapsfasiliteit), • 1 x Sakesone I erf (0.03ha), en • 1 x Vervoersone II erf (0.68ha).
- Die permanente afwyking van die volgende op al die Residensiële sone I erwe:
 - o Die straat- en kant boulyne vanaf 4m & 2m na minimum 1m;
 - o Die dekking vanaf 50% na minimum 100%;
 - o Die parkering vanaf 1 per erf na minimum 0 per erf;
 - o Die goedkeuring van **straatname en nommers** in terme van Artikel 98 van die Verordening.

Besonderhede van hierdie aansoek is gedurende ondergenoemde kantoor ure by me Kriek en me Rossouw ter insae.

Skriftelik gemotiveerde kommentaar en/of besware soos bepaal in Artikel 50 van die Verordening ten opsigte van die voorstel, moet die ondergenoemde bereik voor of op **Maandag, 20 April 2026**. Neem kennis dat deur 'n beswaar, kommentaar of vertoe aan te teken, erken die persoon wat dit doen dat hul inligting beskikbaar gestel kan word aan die publiek en aan die aansoeker.

Enige persoon wat kommentaar en/of beswaar wil lewer / beswaar wil maak en wat nie kan skryf nie kan Maandag tot Donderdag tussen 10:00 en 15:00 na die ondergenoemde kantore van die Munisipaliteit kom waar me Kriek of me Rossouw sodanige persoon sal help om sy/haar kommentaar en/of beswaar af te skryf.

NOTICE : APPLICATION FOR CLOSURE OF PUBLIC OPEN SPACE, REZONING, SUBDIVISION, CONSOLIDATION & PERMANENT DEPARTURE

Notice is hereby given in terms of Section 45(1)(h) read together with Section 52 of the "Matzikama Municipality: Land Use Planning By-Law, 2015" (the Bylaw) that the Council received the following application in terms of Sections 15(2)(a), (b), (d), (e) & (n) of the Bylaw, for consideration

Owner(s): West Coast District Municipality
Properties & Extents: Erf 182, Nieuwe Rust – 0.93ha & Erf 184, Nieuwe Rust – 4.5ha
Current zoning: Erf 182, Nieuwe Rust – Residential zone I
Erf 184, Nieuwe Rust – Residential zone I, Open Space zone I & Undetermined

Applicant: Urban Dynamics Southern Cape

Locality: Nieuwe Rust

Proposal:

Applications for the following:

- Closure of a portion of Arcarcia Street (Re/I, Nieuwe Rust);
- Subdivision of the closed road portion to create Portion B (±0.08ha);
- Subdivision of Erf 184, Nieuwe Rust into two portions namely Remainder (±2ha) & Portion A (±2.52ha);
- Consolidation of Erf 182, Nieuwe Rust (0.93ha), Portion A of Erf 184, Nieuwe Rust (±2.52ha) and the closed road Portion B (±0.08ha) to create a consolidated Erf of ±3.53ha;
- The rezoning of the consolidated Erven to Subdivisional Area.
 - o Subdivision of the rezoned Subdivisional Area in order to create: • 91 x single Residential zone I erven (150m² each – total area 1.52ha), • 2 x Public Open Space I erven (1.22ha), • 2 x Institutional zone III erven (0.08ha - community facility), • 1 x Business zone I erf (0.03ha), and • 2 x Transport zone II erven (0.68ha).
- A permanent departure from the following on all proposed Residential zone I erven:
 - o The street & side building line from 4m & 2m to the minimum of 1m;
 - o The coverage from 50% to the minimum of 100%;
 - o The parking from 1 per erf to the minimum of 0 per erf;
- The approval of **street names and numbers** in terms of Section 98 of the By-law.

Details of this application can be obtained from ms Kriek and ms Rossouw during office hours.

Motivated objections and/or comments as stipulated in Section 50 of the Bylaw with regards to the application must reach the under-mentioned in writing on/before **Monday, 20 April 2026**. Take note that by lodging an objection, comment or representation, the person doing so acknowledges that their information may be made available to the public and to the applicant.

Any person who wishes to comment and/or object / wants to object and who cannot write is invited to visit under-mentioned office of the Municipality on Mondays to Thursdays between 10:00 and 15:00 where ms Kriek or ms Rossouw will assist such person to transcribe his/her objections and/or comments.

LJ PHILLIPS
MUNISIPALE BESTUURDER / MUNICIPAL MANAGER

Kennisgewing no. / Notice nr.: K35 2025/2026

Esi saziso siyafumaneka ngesiXhosa xa kuceliwe

MUNICIPAL OFFICES,
37 CHURCH STREET
PO BOX 98
VREDENDAL, 8160
TEL:027 201 3300



GOLF WITH PURPOSE. IMPACT BEYOND.

TRONOX

SUPPLIER GOLF WEEKEND 2026

20-22 March 2025

Last year's impact

Each school received

R70 000

Approximately

4 000

Learners have benefitted from this initiative in 2025

Partnerships that make a difference

Tronox Suppliers' Golf Weekend supports local communities

At Tronox, partnerships extend far beyond the workplace. They are built on collaboration, shared responsibility, and a collective commitment to the communities where we operate.

One of the ways these partnerships come to life is through the annual **Tronox Suppliers' Golf Weekend**, an event that brings together suppliers and partners for more than just friendly competition. It is an opportunity to strengthen relationships while contributing meaningfully to local communities.

Last year's event demonstrated the impact that collaboration can achieve. Through the generosity of participating suppliers, **R70 000 was donated to six local schools**, helping support educational initiatives that benefit learners and teachers alike.

"Our biggest expense is an additional class assistant. This donation enables us to fund

that extra support, helping children who struggle with mathematics or languages to get the focused assistance they need to succeed." – Mrs. M Lombard, Lutzville High School Principal.

Importantly, the event also contributes to the local economy. With approximately 39 suppliers attending the weekend, many will stay in the Lutzville and Vredendal areas, supporting local accommodation establishments, restaurants, and other small businesses. These interactions help bring additional economic activity into the community over the course of the weekend. Events such as the Golf Weekend highlight how partnerships across the value chain can create shared value, ensuring that the benefits of collaboration extend beyond business operations.

Tronox recognises that the broader economic environment can present

challenges for communities and industries alike. During times of change, maintaining strong relationships and continuing to support local initiatives remains important. Working together with suppliers allows us to continue contributing to community upliftment in meaningful ways.

The Suppliers' Golf Weekend is therefore not only a networking event, but also a reminder that when industry partners collaborate with purpose, they can help make a positive difference where it matters most.

"We are pleased to have built strong relationships with our local and national suppliers over the years. Together with our suppliers, we continue the legacy of supporting education and uplifting the communities around us." – Junior Koegelenberg, Site Director, Tronox Namakwa Sands North

Through ongoing partnerships with suppliers and stakeholders, Tronox remains committed to supporting community development, encouraging local economic participation, and investing in initiatives that create lasting value for the regions in which we operate.

Parkrun/walk

Vredendal: Parc de Lausanne
Vanrhynsdorp: Letsatsi Lodge
Clanwilliam: Veldskoendraai
padstal

5km stap of draf
Saterdag - 7:00



Ons Kontrei

Tel: 027 213 2074

Ons mense se koerant

SPORT NUUS

20 MAART 2026



Uitdagende rit

Berig en foto: Verskaf

VREDENDAL: Heelwat van Namaqua Fiets-ryklub se lede het op Sondag, 8 Maart aan die Cape Town Cycle Tour deelgeneem. Dit was voorheen die Cape Argus. Die roete begin in die middestad, en dan deur Muizenberg, Kalkbaai, Simonstad, meestal kuslans en dan vat hulle Chapmans Peak en dan die ge-vreesde Suikerbossie, Kampsbaai, Clif-ton en eindig by Kaapstad Stadion. Die groot klimme Chapmans Peak en Suikerbossie vind plaas binne die laaste 30km en dit tap die alreeds 70km moeë bene. Die fietstoer het volgens Edwin de Jongh, in ideale weer plaasgevind. Bietjie wind, nie te warm nie en geen reën. Die wind het baie gehelp met die klimme. De Jongh bedank al die fietsryers vir die goeie gees waarin daar deelgeneem is. Heelwat lede het ook gery vir 'n liefdadigheidsorganisasie om geld in te samel.



Fietsryers van Namaqua Fietsryklub wat aan die Cape Town Cycle Tour deelgeneem het.

Spartan Hengelklub hou suksesvolle eerste Spartan Autumn Challenge

Berig en foto's: Verskaf

CLANWILLIAM: 'n Leë Clanwilliam-dam het nie hengelaars die naweek van 6 tot 8 Maart tydens Spartan Hengelklub se eerste jaarlikse hengel-kompetisie, die Spartan Autumn Chal-lenge by Lebanon Citrus Holiday Farm afgeskrik nie. Op 4 Maart was die dam-vlak op 32.18%, ongeveer 20% leër as verlede jaar. Hierdie kompetisie is 'n u-nieke toevoeging tot varswater-hengelkompetisies in die Wes-Kaap. Die kompetisie het groot belang-stelling van hengelaars regoor die streek gelok. Met die kompetisie byna uitverkoop, het 32 spanne, elk be-staande uit twee hengelaars, deelge-neem aan wat vinnig een van die grootste varswaterhengelkompetisies van sy soort in die Wes-Kaap ge-word het.

Die kompetisie het Vrydag om 20:00 begin en het aaneenlopend voortge-duur tot Sondag om 08:00, wat deel-nemers 'n uitdagende 36 uur se onon-derbroke hengel gebied het.

Wat hierdie kompetisie uniek maak, is die spanformaat. Elke span is toe-gelaat om met vier stokke te hengel,

wat ware spanwerk vereis het. Terwyl een spanlid gerus het, moes die ander lid al vier stokke hanteer - 'n formaat wat beide uithouvermoë en samewerking getoets het.

Ten spyte van die lae damvlak van slegs 30%, het die hengelaars indrukwek-kende resultate behaal. Gedurende die kompetisie is altesaam 942 visse ge-vang met 'n gesamentlike gewig van 1 084 kilogram. Die grootste karp vir die kompetisie was 5.74kg, 'n baber van 9.61kg en 'n kurper van 2.7kg.

Die kompetisie het ook aantrekklike kon-tantpryse aangebied: 1ste plek: R15 000, 2de plek: R8 000 en 3de plek: R7 000.

Die Spartan Hengelklub wil hul opregte dank uitspreek aan almal wat deelge-neem het, sowel as aan die borge wat die geleentheid moontlik gemaak het.

Met die 2026 Spartan Autumn Chal-lenge nou suksesvol afgehandel, het die klub reeds begin beplan aan die 2027 kompetisie, met inskrywings wat na verwagting teen die einde van Maart sal open.



Die grootste baber van die kompetisie.



Een van die gesonde karpe.

Invincibles en Young Roslyns pak mekaar

Berig: Verskaf

EBENHAESER: In versengende hitte van bykans 40 grade Celsius het Invincible RFC karakter en veggees getoon toe hulle 'n agterstand oorkom het om Young Roslyns met 26 - 18 in Ebenhaeser te klop in die tweede ronde van die kompetisie.

Young Roslyns het egter die toon vroeg aangegee en die tuisspan het uit die staanspoor met groot intensiteit gespeel. Hul agterlyn was blitsvinnig en het die tempo van die wedstryd voortdurend verhoog met skerp lopies en goeie balverspreiding, terwyl hul voorspelers sterk druk by die afbreekpunte en skrums toegepas het. Ná drie mislukte drieë, het Roslyns uiteindelik die doellyn oorgesteek om die eerste pun-te van die wedstryd aan te teken.

Invincible het in die eerste 20 minute gesukkel om ritme te vind in hul aanvalspatroon en het ook probleme ondervind by die afbreekpunte waar Roslyns vinnig oor die bal was. Tog het ervaring begin wys toe Invincible se agterlyn die bal wyd gespeel het en Diagho Miggel oor die hoekie gedruk het vir hul eerste drie van die wedstryd.

Young Roslyns het vinnig weer geantwoord met nog 'n drie nadat hul voorspelers goeie dryfwerk in die skrums en losge-maal getoon het. Hulle kon egter nie hul doelskoppe suksesvol afrond nie, wat later 'n groot rol sou speel in die eindtelling. Nathan Burger het daarna vir Invincible gaan druk na 'n sterk breek in die middel-veld en goeie ondersteuning op die binne-lyn. Teen rustyd was die telling 18-14 in die guns van Young Roslyns, met Aurbin Pieters wat baie prominent was op die aanval en Shavaan Cloete wat goeie veld gewen het.

Invincible se afrigter, Tyrone Engelbrecht, het vroeg in die tweede helfte belangrike taktiese veranderinge gemaak deur ervare

spelers soos Mario Meerka en Dylon Cloete van die bank af in te bring. Hul inskakeling het onmiddellik meer struktuur en momentum aan Invincible se aanval gegee, terwyl spelers soos Ralton Syster hard gewerk het om balbesit te verseker by die afbreekpunte.

Beserings het egter vir Young Roslyns begin opbou toe sleutelspelers, insluitend Aurbin Pieters en verskeie voorryspelers, die veld moes verlaat. Dit het hul domi-nansie in die vaste fasette, veral in die skrums en lynstane, begin beïnvloed. Invincible het hierdie momentum verskui-wing goed benut. Met beter balretensie en vinniger herwinning by die afbreekpunte het Invincible twee vinnige drieë aange-teken. Antony Lucas het eerste oorgedruk ná 'n sterk dryfmaalbeweging naby die doellyn, waarna plaasvervanger Car Adriaan die bonuspundrie afgerond het ná 'n goed opgeboude aanval wat deur verskeie fases beweeg het.

Invincible het uiteindelik die wedstryd 26-18 gewen, maar moes diep delf om die oorwinning te verseker. Young Roslyns sal waarskynlik teleurgesteld wees dat hulle nie hul vroeë oorheersing en drie-geleenthede in meer punte kon omskep nie.

Vir Invincible is daar steeds aspekte van hul spel wat aandag verg. Hul verdedigingstruktuur en lynspoed sal moet verbeter, terwyl hul aanval soms voor-spelbaar was. Fiksheid en dissipline by die afbreekpunte sal ook aandag geniet soos die seisoen vorder. Nietemin bly vyf ligapunte op die pad 'n belangrike resultaat. Speler van die Wedstryd: CeeJay Isaacs, het 'n uitstekende vertoning ge-lower met sterk verdediging en goeie lyn-breke.

“Play for what it says on the front of your jersey and everyone will remember the name on the back.”